*Maandag* **17 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 103**
**Fokusgedeelte: Psalm 103:1-5 (AFR2020)**

## Lofsingend ... lewenslank!

Psalm 103 met niemand anders as die Dawidmens aan die woord nie. 22 verse met die geloofsperspektief van vreugde om lofseggend 'n psalmlied te kan en mag aanhef.

Voorwaar … daar is nie nog so 'n boek in die Bybel nie. 'n Unieke boek, die Psalms. En Psalm 103 is geen uitsondering nie. Woord vir woord is die psalmskrywer as nietige mens uitbundig lofsingend. Dawid se woorde in dié Psalm is lofwoorde. Psalm 103 kan daarom beleef word as een groot loflied. 'n Loflied in die lewe van Dawid én in die lewe van elke mens. 'n Himniese psalm oor die lippe van elke vrygekoopte mens met die lof vir die Here baie kenmerkend! In hoë toon:

*"God wil ek loof met alles wat in my is,*
*ék wil Hom prys omdat Hy goed is vir my!"*

Lof op grond van die liefde van die Here. Inderdaad ... die ontvangs van vergifnis wek vreugde en lof in die lewe van die gelowige. Daar is meer as genoeg rede om lewenslank lofsingend te lewe! Die weldade van die Here is vir Dawid en vir elke Godskind die allermotivering tot lof. Die weldade van die lewende Here word in vers 3-5 in lofwoorde uitgespel:

- Hy wat vergifnis skenk deur sy genade.
- Hy wat teen dood en siekte sy beskerming bied.
- Hy wat die menskind kroon met sy liefde en ontferming.
- Hy wat my, van dit wat my bedreig, vrymaak.
- Hy wat my in alles voorspoedig maak.
- Hy wat die goeie so oorvloedig gee!

Maar byna te min lofwoorde omdat die Here sy kind van skuldelas onthewe en genadiglik 'n mens se sondes vergewe.

Die liefde én die weldade van God ... die hartklop van die Vader. Uiteindelik geopenbaar in Christus Jesus. Bely met Psalm 103 in die hand:

*"Ek roep (lofsingend), tot vreug herbore:*
*"Verlos en nie verlore ..."*

*Sing: Psalm 71-1:1*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*